HOËRSKOOL DRIE RIVIERE

ALGEMENE SKOOLREËLS

Skooleiendom asook die eiendom van ander persone moet met die nodige sorgsaamheid en versigtigheid hanteer word.

Leerlinge moet onder alle omstandighede beleefd wees teenoor mekaar, die personeel en besoekers.

Stewige tasse moet deur leerlinge gebruik word. Geen seil- of materiaalsakke word toegelaat nie, tensy hulle versterk is om die boeke te beskerm. Geen banale logo's of etikette mag op tasse geplak of geskryf word nie!!

Handboeke moet met 'n plastiek oortreksel beskerm word. daar mag nie in handboeke geskryf of gekrap word nie. Handboeke moet goed opgepas word.

Boektasse mag nie van die eerste of tweede vloer afgegooi word nie.

Dit is elke leerling se plig om toe te sien dat geen papier of rommel op die terrein, stoepe, trappe of in klaskamers gegooi word nie.

Geen leerling mag gedurende pouse of voor of na skool sonder toestemming van sy onderwyser in 'n klaskamer wees nie.

Niemand mag met enige voorwerp op skooleiendom krap of dit beskadig nie.

Gedurende skoolure mag niemand by die fietse, motorfietse en voertuie kom nie. Indien ’n leerling een of ander artikel raakloop wat aan iemand anders behoort, moet hy dit by die kantoor inhandig. Indien ’n leerling iets verloor het, kan hy/sy daarvoor navraag doen by die kantoor.

Leerlinge wat ontoelaatbare toebehore, apparaat, versiersels, ens. skool toe bring of dra, moet onthou dat sodanige items afgeneem en in die kluis bewaar sal word tot die laaste dag van die kwartaal.

Laatkom

Leerlinge moet soggens betyds by die skool wees vir die opening, d.w.s ten minste vyf minute voordat die klok lui. Indien ’n leerling laat kom nadat die opening reeds begin het, of as die klasse reeds begin het, moet die prefekte sodanige leerling by die prefektevoog aanmeld.

Aantree en verwisseling van klasse :

As die klok lui voor skool en aan die einde van pouses moet alle leerlinge so gou moontlik na hul plekke beweeg.

Wanneer die klasse van klaskamer verwissel, moet die leerlinge die kortste roete na die volgende klas volg. Wisseling moet vinnig sonder verkwisting van tyd plaasvind. Leerlinge moet met klaswisseling links hou en flink na die volgende klas beweeg.

Wanneer ’n besoeker ’n klas binnekom tydens ’n lesuur, bly leerlinge sit en gaan voort met hulle werk.

In die klaskamer moet elke leerling sy uiterste bes doe nom orde te handhaaf en sy deel by te dra dat die werk so goed en vinnig moontlik kan volt.

Daar mag nie in die klas geëet word nie.

Alle papiertjies, ens. wat om banke gemors is, moet opgetel en in die snippermandjie gegooi word.

Tafels en stoele moet in ordelike rye gelaat word. daar mag onder geen omstandighede op die meubels geskryf of gekrap word nie.

As ’n onderwyser om een of ander rede uit die klas moet wees, moet leerlinge hulle nog steeds ordelik gedra.

Leerlinge mag nie op die stoeprelings klim en afspring nie.

Leerlinge mag geen speelgoed soos bv. voëlrekke, klappers, waterpistole, muise, ens. saam bring nie.

Op die terrein

Leerlinge moet toesien dat hulle gedrag onberispelik is. ’n Gedruk, gesoen en gevry is onvanpas op die skoolterrein.

Die volgende gebiede is verbode terrein gedurende skoolure : Die gebied noord van die snoepwinkel. Store, skietbaan, tennishuisie, netbalbane, rondom houtwerksentrum en bediendekamers, skoolsaal, insluitende verhoog, musieklikale en kleedkamers. Die gebied suid van die skoolgebou is toeganklik vir graad 11- en 12- leerlinge.

VOERTUIE

Alle vervoermiddels moet aan die vereistes van padwaardigheid beantwoord. Verkeersreëls moet te alle tye nagekom word. toelating geskied met die hoof se toestemming.

Motorfietse :

Motorfietse word in die gebied tussen lokale B9 en B12 en die netbalbane geparkeer of onder die afdak langs die verkooplokaal.

Fietse :

Fietse moet, behoorlik vasgesluit, in die fietsloods gebêre word.

Motors :

Die bestuurder van ’n motor op die skoolterrein mag onder geen omstandighede die lewens van mense in gevaar stel nie.

DWELMGEBRUIK & ROOK

Die gebruik en besit van alkoholiese dranke en dwelmmiddels is ’n baie ernsitge oortreding.

Rook skep nie alleen vir die roker nie, maar ook vir die passiewe rokers ’n gesondheidsrisiko. Rook word daarom verbied.

Daar is enkele ouers en leerlinge wat skoolreëls en ook skoolbywoning baie ligtelik opeem, en wat meen dat dit maar geïgnoreer kan word. die Onderwyswet maak daarvoor voorsiening dat wangedrag tot uitsluiting kan lei.